# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 18 JUNIE 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

DAG VAN VEROOTMOEDIGING

Klassis Potchefstroom het op sy vergadering van 30 Mei 2023, op grond van 'n versoek van Gereformeerde Kerk Hartbeespoort, besluit om 'n dag van verootmoediging en voorbidding op Sondag 18 Junie 2023 kragtens Artikel 66 van die Kerkorde vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit te roep.

Motivering:

1) Die energiekrisis en die uitkringende sosiale en ekonomiese gevolge vir lidmate en al die inwoners van ons land.
2) Die verval van infrastruktuur wat tot groot ellende lei.
3) Die hoë vlakke van misdaad en werkloosheid in die land.

Kerke word opgeroep om:

1) die Here te erken en te eer as die Heerser van hemel en aarde,
2) ons voor die Here te verootmoedig en te soek na die Here se hand in die omstandighede,
3) om voorbidding te doen vir die owerheid om in verantwoordelikheid en wysheid op te tree,
4) om die Here te smeek om stabiliteit, vrede en regverdigheid in ons land, en
5) om te bid vir volharding van gelowiges in die kerk.

In opdrag van Klassis Potchefstroom.

**Prediking:**

Die reeks preke uit Gal. 5 oor die vrug van die Gees sal na die skole se winterreses voortgesit word. Vandag fokus ons in die prediking op die dag van verootmoediging en gebed.

**Tema: God bring ons onder beproewende omstandighede sodat ons Hom weer gehoorsaam kan dien!**

**Ontmoetingsdiens**

Intreelied: Sb. 10 – 2; Votum; Seën; Loflied Ps. 80 – 1: 1, 8, 10 (Mel. van Ps. 105); Geloofsbelydenis: NGB artikel 13

**Woorddiens**

Gebed; Skriflesing: Jesaja 63: 7 – 64: 12; Teksvers: Jes. 63: 17;
Sing: Ps. 139 – 1: 1, 12; Woordbediening

**Verootmoedigingsdiens**
Sing Ps. 130 – 1: 1, 2; Wet uit Eksodus 20; Sing Ps. 130 – 1: 3, 4

**Antwoorddiens**
Gebed; Sing Sb. 2–2: 1, 3; Seën; Amenlied Sb. 13-3.

## 17:00 AANDEREDIENS: Ds Piet Venter

**Tema:** Die kerk moet met die Woord 'n kragtige, ver-vloeiende en lewegewende stroom water wees wat lewe in 'n dooie wêreld bring.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 159: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied: Lied 486: 1, 2, 4; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Esegiel 47: 1 - 2 en
Johannes 7: 37 - 39
Teksverse: Eseg. 47: 1 - 2
Sing Lied 488: 1, 4; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Sb. 18 – 8: 1, 2, 3 ; Seën; Amenlied: Sb. 13-2.

## MEELEWING

- Pieter en Susamarie de Villiers se dogter, Blanche ondergaan more 'n groot breinoperasie. Ons bid vir hulle!
- HA du Plessis laat weet die volgende: Andries du Plessis voer nou al van Augustus 2022 'n stryd met ongemak en pyn in sy mond en kakebeen en is in Oktober na die 1ste operasie met kanker gediagnoseer en intussen al 'n paar operasies ondergaan, o.a. waar hul 'n deel van sy kakebeen en tande verwyder het en met 'n plaat vervang het en tot bo teen sy skedel kanker verwyder het. Hy kry voeding deur 'n PEG-buis en kan nie kos deur die mond inneem nie, agv die gat wat in sy wang is (die plaat kan jy duidelik sien en die binnekant van die mond deur die wang). Hy is tans besig met Chemo behandeling en is klaar met 4 van die 6 behandelings. Ons is saam met hom bly en dankbaar teenoor die Here vir die vordering. Hy bly sover moontlik positief en staan elke more nog op, maar soms is die kragte min en gemoed af, maar hy bly die goeie stryd stry en is regtig 'n voorbeeld vir ons as familie. Dankbaar vir almal se omgee en saam bid.
- Annetjie Vermeulen ondergaan more 'n lensoorplanting.
- Yvonne Coetsee ondergaan Woensdag nog toetse met die oog op 'n moontlike operasie om 'n gewas met kankerselle te verwyder.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag - Dag van Verootmoediging**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening en Katkisasie
- afgesluit vir die kwartaal
Tee en koffie
17:00 Aanddiens

**Maandag**
18:00 Oosdopperfees

**Dinsdag**
Geen mannegroep - afgesluit vir skoolreses

**Donderdag**
Geen Bybelstudie: Klipdrif

**Vrydag**
Skole sluit

## EREDIENSTE TYDENS SKOOLVAKANSIE

Lidmate word herinner dat ons gedurende die skoolreses net eredienste op Sondag-oggende hou. Vir die volgende drie Sondae-oggende word die eredienste gelei deur ds Pieter van der Walt, prof Riaan Rheeder en prof Nico Vorster.

## DS. PIET MET VERLOF

Ds. Piet is met verlof vanaf 22 Junie tot 10 Julie.

## AAN GOD DIE DANK EN EER!

Dis was gister - 17 Junie - presies 16 jaar gelede dat ek hier by die Oosdoppers in diens van die Here bevestig is. Ek kan nie glo dat soveel jare reeds verloop het waarin ek die voorreg het om hierdie gemeente van die Here te kan dien nie! Ek bring aan ons Here God al die eer en dank vir sy genade aan my om dit te kan doen. Ek dank Hom vir al die liefde, meelewing, versorging en ondersteuning wat ek en Rieëtte en ons familie deur al die jare van julle Oosdoppers ontvang! Soli Deo Gloria!
Ds. Piet

## DIE DIAKONIE EN ONS GEMEENTE SE BARHARTIGHEIDSDIENS

Ons gemeente se Barmhartigheidsdiens beloop ongeveer R30 000.00 per maand wat aan lidmate gegee word wat hulp en ondersteuning nodig het. Die versoeke om hulp word al hoe meer. Tans balanseer die maandelikse "inkomste en uitgawes" van die Diakonie net-net om hierdie sorg te kan onderneem. Daar is nog 'n bufferfonds, maar die Diakonie wil dit graag behou in gevalle van uiterste nood.

Daarom doen die Diakonie 'n beroep op lidmate om voortdurend te bid vir ons Barmhartigheidsdiens en ook met liefde te gee sodat ons ons lidmate kan help.
Die blyk ook dat lidmate nie baie van die Zapper-betaalmetode gebruik maak nie, maar steeds fokus op kontant wat Sondae gegee word.
Onthou gerus dat jy - indien jy jou bydrae vir die Sondag vergeet het - om van die Zapper-betaling gebruik te maak. Laai die App af, gebruik die QR-kode en doen jou liefdesdiens op die manier. Dis regtig maklik en eenvoudig.

Ons Diakonie dank die Here dat Hy nog altyd gesorg het dat ons na ons behoeftiges kon omsien. Dink daaraan dat die Here tans ongeveer R360 000.00 per jaar voorsien- dis nie kleingeld nie! Daarom vertrou ons op Hom vir die pad vorentoe. Die spesiale kollekte vir Amelia Dienssentrum het R4 200.00 opgelewer.

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teologiese Studentekas (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 30 en 31.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 19 Junie**
Sr Hestie J v Rensburg
Br Meyer Joubert
Jsr Anchen Schutte
Br Dana Schutte

**Woensdag, 21 Junie**
Br Anton Styger
Jbr Christiaan v Zyl

**Donderdag, 22 Junie**
Br Gerrie v Deventer
Jsr Elbé v Jaarsveld

**Saterdag, 24 Junie**
Sr Marijke Faught

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**GKSA-NUUS**

Beroepe ontvang
- Ds FJ (Fritz) Potgieter van GK Bloemfontein-Suid na GK Pretoria-Annlin
- Ds JG (Jacques) Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn na GK Wapadrant as medeleraar

Beroep bedank
Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Empangeni

**KENNISGEWINGBORD**

Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Marlise Styger en groep 8, Corné Geyer en groep 17, Riekie Storm en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE




- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ʼn georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ʼn lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |